

**NOTLE VAN DIE UK VAN DIE KONVENT VIR EENHEID WAT GEHOU IS
OP 18 OKTOBER 2005 BY DIE KWEEKSKOOL OP STELLENBOSCH
OM 11:00 – 21:00**

1. Opening

Hannes Koornhof open die vergadering met Skriflesing uit Jes 43: 14-21. Daarna laat hy die vergadering twee vrae in kleingroepe bespreek:

- Ø **By watter dinge (gesindhede, houdings, standpunte ...) bly ons in die twee kerke dikwels “stilstaan” en so blokkeer ons die nuwe dinge wat die Here wil doen?**

Die volgende punte word uitgelig: vergifnis oor die verlede, die geskiedenis, Belydenis van Belhar, egosentriese trekke by leiers, die mag wat sekere groepe in die verlede gehad het en die feit dat daar gevoel word dat hulle ten minste nog mag in die kerk het, die kleurvraagstuk, die innerlike struikelblokke by gelowiges wat die eenheidsproses verhinder, eerlikheid teenoor mekaar, gewilligheid om mekaar se pyn en stryd te probeer verstaan, maniere van onthou, wantroue wat daar is.

- Ø **Wat is daar waarby jy persoonlik dikwels bly “stilstaan” en waarmee jyself sukkel om by verby te kom?**

Na die bespreking word daar geleentheid vir gebed gegee. Die Voorsitter steek 'n Christuskers aan na aanleiding van die brief van Martin Heyns oor die behoefte aan rituele wat die eeheid simboliseer. Hy beklemtoon ook die noodsaaklikheid om die waardes in die notule van die Taakspan uit te leef.

2. Konstituering

2.1 NGK Wes-Kaapland

Hannes Koornhof, Hannes Theron, Monty Sahd, Braam Hanekom, Coenie Burger, Elna Mouton.

2.2 VGK Kaapland

Peter Grove, Lucas Plaatjie, Mary-Anne Plaatjies, Themba Nyatyowa, Eddie Ngeva, Alfred Dyasi, Dirk Heyneman, Averell Rust

2.3 NGK Oos-Kaapland

Hansie Schutte, Chris van Wyk, Danie Mouton, Schalk du Toit

Ben du Toit maak verskoning.

3. Finalisering van sakelys

Die Voorsitter tref die reëling dat punt 5 en 6 op die Agenda die belangrikste punte is.

4. Notule 2-3 Augustus 2005

4.1 Goedkeuring van Notule

Die volgende wysigings word gemaak:

Punt 5.1.7 Die volgende sin moet bykom: "Met die maksimum terugvoer aan die Moderature."

Die opmerking by die opening die Woensdagoggend gee nie die bedoeling van die Voorsitter duidelik weer nie.

Die notule word met die regstellings goedgekeur.

4.2 Sake uit die notule

4.2.1 *Eietydse kommentaar op die Belydenis van Belhar deur dr Piet Naude [*

Die verslag is op 3 Mei aangestuur aan die lede. Dit moet weer met die volgende agenda uitgestuur word.

4.2.2 *Toestemming aan Streeksinodes vir groter eenheid deur di Hannes Theron en Pieter Grove*

Die saak is reeds onder punt 5 hanteer.

4.2.3 *Navorsingspan: ondersoek insake restitusie*

Nico Koopman het laat weet dat hy nie amptelik genader is om sodanige verslag voor te berei nie. Hy is bereid om die verslag oor ekonomiese geregtigheid wat hy vir die Algemene Sinode van die VG Kerk gestuur het, aan die UK beskikbaar te stel. Pieter Grove sal vir Nico Koopman en Xolile Simon vra om die verslag rondom restitusie te hanteer.

4.2.4 *Begroting 2005-2006*

Francois Cillié sal met die ander saakgelastigde skakel om te praat oor die totale konventbegroting wat die UK-vergaderings en die moontlike samekoms van die SK's in 2006 insluit. Die bedoeling is 'n egalisering van die uitgawes..

4.2.5 *Kerkhereniging verslag- Taakspan kerkhereniging*

Dien by punt 6.

4.2.6 *Finansiële hulp aan gemeentes en leraars*

Die hulp moet by die salarissubsidiefonds van die VG Kerk gevoeg word. Chris van Wyk, Danie Mouton (sameroeper), Lukas Plaaitjies en Eddie Ngeva word versoek om 'n verslag voor te berei oor 'n totale finansiële ondersteuningssisteem. Hier word verwys na talle VGK gemeentes wat vakant is en finansiëel swaarkry. Averell Rust en Pieter Grove sal vir die gesprek 'n inligtingsvorm voorsien..

4.2.7 *Oudit van vervreemde eiendomme*

Die persone is besig met die proses om vas te stel watter eiendomme voorheen aan die NG Sendigkerk en die NG Kerk in Afrika behoort het en wat in besit van die NG Kerk gekom het. Themba Nyatyowa en Johan Froneman sal gevra word om die sameroepers te wees.

5. Terugvoer: Algemene Sinode VGK [Implikasies van besluite wat geneem is vir ons eenheidsproses]

Die Voorsitter gee geleentheid aan lede van die VGK om die besluite van die Algemene Sinode toe te lig. Daar word na die volgende besluite verwys:

- Ø Die **verhouding met die NG Kerk in Afrika** rondom die erkenning van die legitimasië en skikking rondom die hofsake. Multilaterale gesprekke sal eers plaasvind nadat die NG Kerk in Afrika hulle besluit rondom legitimasië gewysig het (sien vorige notule van UK van Konvent 5.2.3).
- Ø Die besluite wat geneem is rondom **die model**. Daar is besluit dat die eenheidsmodel organiese eenheid moet reflekteer en op geen manier as 'n nuwe vorm van kerklike apartheid gekonstrueer mag word nie.
- Ø Besluite rondom die **rol van die RCA**. Hier is besluit dat die RCA nie 'n fasiliteringsrol tussen die NG Kerk en die VG Kerk kan speel nie omdat hulle deel van die proses is.
- Ø Besluite om groter kontak met **ander Gereformeerde kerke** met die oog op vereniging te hê.
- Ø Die besluit rondom **die bilaterale gesprek met die NG Kerk**. Daar is besluit om weë te soek om die struikelblokke op die pad van eenheid te bowe te kom. Belhar as opsionele belydenis word verwerp. Daar word ook aanbeveel dat die NGKA, die NGK en die RCA op die basis van 'n organiese eenheid met hereniging voortgaan. Spoedige herstel op die basis van 'n ruim huis benadering word ook verwerp. Daar is verder ook besluit dat op grond van die belydenisse van die Reformasie en van Belhar en veral die gehoorsaamheid aan die Here, daar eenheid met die NG Kerkfamilie en die Gereformeerde Kerke in Suider- Afrika gesoek moet word. Omdat eenheidsgesprekke deur die leierskap alleen nie die gewenste resultate lewer nie, is daar op grond van die **Reglement van die Kombinasie van werksaamhede van gemeentes, ringe en sinodes uit verskillende kerkverbande** besluit om so ver moontlik op 'n bedieningsvlak te verenig op grond van die aanvaarding van Belhar. Die permanente Regskommissie word versoek om aandag te gee aan kerkordelike reëlings wat strukturele eenheid moontlik maak.

Nadat die besluite toegelig is, gee die Voorsitter geleentheid vir bespreking van sake wat uit die besluite voortspruit.

1. Gesamentlike bedienings

Die implikasies van die besluite vir die proses wat na die gemeentes en ringe geneem gaan word, kom ook ter sprake. Die belangrikste saak vir die UK is die moontlikheid van eenheidsstrukture wat tot stand kan kom. Die aanvaarding van die Belydenis van Belhar deur beide samewerkende gemeentes/ ringe/ sinodes beteken dat die NG Kerk vennote dit aanvaar en onderskryf in die mate wat hulle dit kerkregtelik kan aanvaar.

Besluit:

- ***Die UK besluit om die VG Kerk Moderatuur (Pieter Grove) te versoek om die Algemene Sinode Moderatuur van die VGK te versoek om 'n interpretasie van die betrokke besluite rondom gesamentlike bedienings in die algemeen en die aanvaarding van Belhar in die besonder te gee.***
- ***Coenie Burger stel voor dat Dirkie Smit gevra word om 'n studie vir die UK te doen oor belydenis en belydenisbinding.***

2. Moontlike gesamentlike sinode

Die NG Kerk in Oos-Kaapland het nog nie oor 'n gesamentlike sinode gepraat nie. Die VGK het duidelik besluit dat eenheidsinisiatiewe op plaaslike vlak moet plaasvind. Daar moet op gemeente en ringsvlak saamgewerk word. Dit is juis die oogmerk van die taakspan.

3. Gesprekke tussen NG Kerk, NG Kerk in Afrika en RCA

Die VGK het aanbeveel dat die drie kerke verenig. Vrae word gevra of hierdie vereniging die hereniging met die VG Kerk in die wiele gaan ry en of die VG Kerk sodanige hereniging sou sien asof die NG Kerk die kant van die NG Kerk in Afrika gekies het. Die VGK lede verduidelik dat dit die geval sou kan wees as die NGK so 'n versoek sou gerig het. Die besluit rondom hierdie saak kom egter op aanbeveling van die VGK. Wat die saak nog moeiliker maak, is dat die NGK, RCA en die NG Kerk in Afrika besluit het dat hulle nie so sou wou verenig nie, maar eerder 'n groter eenheid wil hê. Die wenslikheid van 'n "Waarheid en Versoening tipe proses" rondom die hofsake word ook uitgelig.

Besluit:

Die UK van die Konvent besluit op 'n dokument wat deur die NG en VG Kerk afsonderlik opgestel word rondom die ervarings van die verlede en die pad vorentoe. Die VG Kerk sal 'n dokument opstel vir Februarie 2006 waarop die NG Kerk reageer. Die doel van so 'n dokument is nie om beskuldigings te slinger nie, maar om 'n voertuig daar te stel wat die versoeningsproses sal fasiliteer en die pad vorentoe duidelik uitspel. Die UK sal daarna verder besluit wat prosesmatig met die dokument moet gebeur. Die moontlikheid van 'n fasiliteerder (s) wat emsionele prosesse kan fasiliteer, moet oorweeg word.

4. Status van aanklag van kettery

Die aanbevelings rondom die klag van kettery is nie deur die Algemene Sinode aanvaar nie, aangesien hulle nie die besluit geneem het nie, maar die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke. Die verkeerde persepsies rondom hierdie saak moet reggestel word. Dit kan moontlik verbind word aan die dokument genoem in die vorige punt.

5. Die model vir kerkeenheid.

Die Algemene Sinode het op 'n organiese model. Die organiese model veronderstel dat die eenheid op grondvlak plaasvind. Dit impliseer dat daar ook multikulturele gemeentes sal wees. Die bedieningsbehoefte sal ook verreken moet word. Die sinodale presbiteriale struktuur vorm die onderbou van die verstaan van die organiese model. Die grense van die ringe sal mettertyd ook ondersoek moet word. Die UK oordeel dat die vorming van multikulturele gemeentes baie belangrik is.

6. Taakspan Kerkhereniging: verslag van vordering en die pad vorentoe

Chris van Wyk vra bepaalde vrae uit die verslag wat by die vorige vergadering gediën. Die VGK het die strategie goedgekeur. Drie vrouens moet op die taakspan aangewys word. Die twee NG sinodes moet nog die name van die vrouens op die taakspan aan Hannes Theron deurstuur. Eddie Ngeva en Deon Loots sal die twee drywers wees. Die Taakspan sal self die vrae boog hanteer.

Die volgende datumskemas word tentatief voorgestel: Tydens die laaste week van **Januarie** sal die groep vir die gespreksraamwerk bymekaar kom en die materiaal voorberei word. Die UK se vergadering kan einde **Februarie** plaasvind. Tydens middel **Maart** sal die opleidingsentra en die gesprekleiers hanteer word. Eerste rondte vir gesprekke sal in **April** plaasvind. Die res van die program moet deur die taakspan gefinaliseer word. Die idee is dat die konvent na die gespreksrondes sal plaasvind.

7. Begroting: Interkerklike gesprek (Waarderende Onderzoek)

Die NG Kerk Wes-Kaap het R130 000 goedgekeur. Die NG Kerk Oos-Kaap en die VG Kerk moet nog oor hulle bedrae besluit.

8. Badisa en CM-Rade Oos-Kaapland

Hierdie saak word na die Wes-Kaap verwys. Willie van der Merwe van Badisa het 'n skriftelike antwoord aan die UK gestuur wat die hele situasie verduidelik. Die Moderatuur van die NG Kerk Oos-Kaapland ontvang die brief van Willie van der Merwe ter verduideliking.

9. Algemeen

Geen verdere sake nie.

10. Volgende vergadering:

]

Die 27 en 28 Februarie 2006 word vir die volgende vergadering van die UK geormerk. Die vergadering begin om 10:00 op 27 Februarie 2005 en duur tot 21:00. Die vergadering sal voortgesit word die volgende dag tot 13:00.

11. Afsluiting

Pieter Grove sluit die vergadering met gebed.

Voorsitter:

Skriba:

Datum: